# Die Here is genadig

*Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde - Psalm 103:8*

Waarom soek God toenadering tot sondaars? Daar is gelukkig net een antwoord: God is genadig. Dit beteken dat God se wese genade is. Sy hart is vol genade. Laat ons dit voluit sê: God *is* genadig en daarom *gee* Hy genade.

Genade werk net soos liefde: alleen die een wat genadig is, kan genade uitdeel. En God is genadig. Daarom deel Hy sy genade, sy guns, sy goedheid uit aan mense … wat dit glad nie verdien nie. Wie is die onverdiende ontvangers van God se genade? Hulle is weerlose en verrinneweerde skepsels. Kortliks saamgevat: goddelose mense (Rom. 5:6). Ons!

In die gelykenisse ontdek ons hoe God sondaars se weerstand teen Hom afbreek … en oorwin.

*Here, ek dank U dat U ganadig is en daarom genade aan my gee. Ek dank U dat ek u genade nie kan verdien nie, maar dat U my in u genade oorrompel en my lewe verander. Amen.*

*Bron: Grenslose genade deur Cas Vos*






NG Kerk Rietfontein-Suid
Ons Gee Om
Die Rietfluit
JAARTEMA:
IN AANBIDDING VOOR GOD
Nov 2015

## Bid met die wete: God is genoeg

### God is genoeg. Regtig!

**Tog was dit nie altyd die geval in my eie lewe nie.** Vir 'n lang tyd het ek gedink *ek glo* Christus is genoeg, maar toe kom ek op 'n dag agter ek het Hom *eintlik net as nodig beskou* vir al daardie dinge wat Hy vir my moet *doen* as wat ek Homself nodig het.

Onder andere het ek die ewige lewe nodig gehad. Toe gee Jesus dit vir my. Ook het ek Iemand nodig gehad wat my krag moes gee as ek dit kortgekom het. Hy het presies dit gedoen!

**Hy moes in al my behoeftes en begeertes voorsien**. Nou praat ek van goeie begeertes, soos om hemel toe te gaan, gesond te wees, reg te leef en nog meer bruikbaar vir God te wees.

Opsigself is al hierdie behoeftes goed en reg. Die probleem was net dat ek nie vir Jesus alleen nodig gehad het nie. Of slegs na *net* Sy heilige teenwoordigheid verlang het nie.

**Diep binne in my wou ek gedurig hê Jesus moes in al my behoeftes voorsien**. Die uiteinde was dat ek behoefte-aangedrewe geraak het wat my geloof betref.

**Ek het in 'n godsdienstige verbruiker verval.**

Solank as wat Jesus alles vir my gegee het waarvoor ek gebid het, was ek gelukkig en dankbaar. Maar as dit gelyk het of my gebede

*Ons Visie:* *Deur Christus-liefde gee ons vir almal om*

onverhoord by die Here se troon verbygaan, dan was ek lang-gesig.


Toe leer die Here my die les van 'n leeftyd. En dit is dat **as die Here Self nie vir my genoeg is nie, dan sal ek nooit geestelik groei nie.**

Anders gesê, **geestelike groei is om te skuif vanaf alles wat God vir my moet *doen* tot God wat altyd en orals vir ons GENOEG *is.***

Groei is om saam met Paulus uit te jubel: Vir my is om te lewe Christus. Hy is my lewe, my hoop, my blydskap, my alles. **Net Hy!**

**Broer/Suster, mag dit so wees dat ons ook met vrymoedigheid gelowig kan uitroep: "net Hy!"**

(Uit: GOD IS GENOEG, CUM UITGEWERS 2014 soos geskryf deur Stephan Joubert en effens aangepas deur Ds Leon Tait).




## - - - - DATUMS VAN BELANG - - - -

- **1 Nov:** Dankofferdiens om 9:00
- **15 Nov:** Nagmaal &
  Gemeente-ete om 12:00
- **22 Nov:** Gesinsdiens & Kategese-afsluiting
- **29 Nov:** Kerssangdiens om 18:00

*Sien jou daar!*





By Avondale roomysfabriek



**C.H.R.**

24 Uur Nood Loodgietersdienste

**CLIVE**

16 Gelderland straat, Eloffsdal 0084

Tel: 012 335 2354

## AKSIE PLUS - 25 SEPT 2015

## UITSTAPPIE NA AVONDALE ROOMYSFABRIEK EN KOFFIE ROOSERY (CARLS CAFE)



By die koffie roosery, Carls Caffe



# OMGEE-BEDIENING

## *Die Gemeente wat vir almal omgee!*

Omgeegroepe
Ons gee om.

NG Kerk Rietfontein-Suid
Ons Gee Om

**KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP!**
**Jy sal nie spyt wees nie.**

**VISIE VAN DIE OMGEE-BEDIENING:**

*Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepe mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.*

*Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief:*

*Tommy Tademeyer Tel: 082 372 9803*

e-pos: rademeyer.tommy4@gmail.com

## KARWAS




**Elke eerste Saterdag van die maand**

**Waar?** Op kerkgronde aan konsistoriekant op teerblad

**Pryse:** was-en-ry R20 en was-en-stofsuig R35

**Tyd: 9:00-12:00**

Om vir werkloses geleentheid te skep vir 'n paar rand oorlewingsgeld.

**BOOMSLOPINGS & SNOEI**

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

**KONTAK ERNST by 083 656 4992**

www.treecarepta.co.za

# AANBIDDINGS-BEDIENING



## LAAT JOU GEBEDSLEWE GROEI

### Bid die Skrif hardop

Onlangs het 'n groep jongmense na ons gekom vir drie maande van opleiding in gebed en die Woord. Aan die begin het hulle min kennis van die Woord gehad en geen ondervinding om vanuit die Skrif te bid nie. Hulle het mettertyd erken dat hulle die lees van die Bybel vervelig gevind het! Ons het besluit om te gaan sit en die Bybel te lees, sinnetjie vir sinnetjie, uur na uur. Na drie weke het hulle oë oopgegaan vir die diep skatte van die Woord. Nou is hulle onkeerbaar en het 'n liefde vir die Woord ontwikkel soos nog nooit tevore nie!

*Die Bybel leer ons die taal van God se hart. As ons uit die Woord bid in ons gebede, sal ons 'n volkome ander benadering tot gebed beleef.*

**Die Here hou daarvan om jou stem te hoor wanneer jy Sy Woord na Hom terugbid. Om God se Woord hardop te bid het dikwels groot waarde. Dit help dikwels om ons geloof te versterk en het 'n kragtige uitwerking.** Dit gebeur dikwels dat wanneer ons Sy Woord hardop uitspreek in gebed en smeking dat ons ervaar hoe ons gebede een word met God se hart en sien ons dikwels ongelooflike deurbrake. Om God se Woord te bid impakteer ons eie omstandighede, reinig ons van 'n wêreldse gesindheid, en vul ons lewens met God se liefde.

**Die bid van die Woord breek deur die vyand se verdediging.** Dit vernietig sy planne en behaal oorwinnings sodat God se doelwitte bereik kan word. Moet nooit twyfel aan die werking van die krag van God in omstandighede wanneer ons die Woord van die God hardop begin bid nie. Dit kan letterlik met verloop van tyd die geestelike atmosfeer van stede en gemeeskappe verander. **Matteus 10:1 en 8** belowe vir ons outoriteit om siekes te genees en duiwels uit te dryf. Kyk na die Here se beloftes in Markus 16:17, Lukas 10:19, 1 Johannes 3:8. Deur **Efesiërs 6:11-18 verstaan ons dat ons deur die swaard van die Gees, die Woord van God, die vermoë het om staande te bly** teen die listige aanslae van die duiwel. Wanneer ons dit hardop doen is dit geloofsversterkend en help dit ons om te konsentreer op wat ons doen en gee dit vir ons dikwels 'n groter ervaring dat ons met belydenis en proklamasie van die Woord te doen het.

**Ons leer die taal van belydenis.** Om volgens die Skrif te bely is 'n wonderlike manier om belydenis te verwoord sonder veroordeling, maar ook sonder om verskonings te soek vir dinge wat bely moet word. Kyk Psalm 51.

**Ons raak meer passievol.** Die Heilige Gees openbaar die Seun van God deur die geskrewe Woord. Ons kom op 'n plek waar ons meer gehoorsaam wil wees aan die woorde van die Here en ons raak oplettend om na Sy stem te luister.

**Bid God se beloftes hardop. Die Woord van die Here bevat baie beloftes oor omstandighede en situasies waarin ons verkeer.** Deur hierdie beloftes te lees, proklameer, verklaar en daaroor te mediteer, versterk ons geloof. Geloof kom deur die hoor van die Woord. (Romeine 10:17). Hy is getrou aan Sy Woord. Sy beloftes is in ooreenstemming met Sy karakter. Ons is in staat om met wysheid en outoriteit te bid wanneer ons God se beloftes bid.

**Om Skrif hardop te bid leer ons om God se hart vir die kerk te bid.** Bybelse gebede help ons om in ooreenstemming met die Gees van God en met ander gelowiges te kom, veral wanneer ons vir die kerk bid. (Efesiërs 1:17, 3:16-19; Filippense 1:9-11; Kolossense 1:9-12 Romeine 15:5-7, 13).

**Ons gebed vir die bid van God se Woord**

*Here, leer ons om U Woord te bid. Leet ons om U Woord sentraal in ons lewens te plaas, veral wanneer ons bid. U Woord is lewend en aktief - dit is skerper as enige swaard met twee snykante - Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart. (Hebreërs 4:12). Ons verlang om onsself geestelik in lyn met U en U Woord te bring. Leer ons om U Woord met U outoriteit te bid en met meer geloof en gehoorsaamheid in ons harte. Help ons om die beloftes uit U Woord met geloof te proklameer. Toon ons die waarhede uit U Woord en gebruik dit om lewe te gee deur ons gebede. Ons loof U uit ons hart vir U Woord. Om volgens U verordeninge te lewe, gee ons meer vreugde as al die rykdon van die wêreld. Ons verlustig ons in U voorskrifte, U Woord vergeet ons nie. (Psalm 119:14-16, 18, 32). In Jesus se Naam. Amen.*

Bron: Jerigo Mure, bl. 50-52

Is jy nog aktief en op soek na 'n vriendekring wat dinge saam kan doen?

Die KUIERKLUB nooi enkellopendes, tussen die ouderdom van 50 en 70, om by hul aan te sluit.

Kontak Magdaleen of Annalene vir meer besonderhede. Tel. 012 333 2377